# Toerusting as wordingsproses: perspektiewe uit die Efesiërbrief

S.F. (Francois) Kruger[1]
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: sfk@lantic.net

**Abstract**

**Equipping as a process of growth: perspectives from the letter to the Ephesians**

*In this article the noun καταρτισμός (equipping) and the verb καταρτίζω (to equip) are examined according to the use of these words (concepts) in the New Testament. This examination indicates that this specific verb denotes two nuances in meaning. Firstly this noun denotes the ideal qualities, attitude and character associated with a believer. Secondly this noun has the implicit meaning of an act by which a person grows towards this ideal. This process and result are dependent on each other and in the process of equipping the desired outcome is to be taken into account. The noun καταρτισμός is examined according to its use in the context of Ephesians 4:7-16 and the finding indicates that this word also denotes a process and an outcome. The primary accent embedded in the meaning relates to the process of growth, while the secondary accent incorporated into the meaning relates to the completed outcome. The process of growth indicated in Ephesians contains four elements: the diagnostic element, the element of knowledge and insight, the element of realisation, and the element of vision that should guide the realisation of knowledge in an effective way.*

---

1 Dr. S.F. (Francois) Kruger is predikant van die Gereformeerde Kerk Middelburg-Noord, Middelburg Mpumalanga en hy is 'n navorser in die Skool vir Kerkwetenskappe.

**Opsomming**

**Toerusting as wordingsproses: perspektiewe uit die Efesiërbrief**

*Die substantief καταρτισμός ("toerusting") en die werkwoord καταρτίζω ("om toe te rus") word in hierdie artikel ondersoek aan die hand van die gebruik daarvan in die Nuwe Testament. Hierdie ondersoek toon aan dat dié werkwoord twee betekenisnuanses het. Eerstens dui die betekenis op die ideale eienskappe, ingesteldheid en aard wat met 'n gelowige geassosieer word. Tweedens het genoemde selfstandige naamwoord die betekenisnuanse van 'n handeling waardeur 'n persoon ontwikkel in die rigting van hierdie ideaal. Hierdie proses en resultaat is op mekaar aangewese en in die toerustingsproses behoort die gewenste resultaat sterk in ag geneem te word. Die selfstandige naamwoord word behandel binne die konteks van Efesiërs 4:7-16 en die bevinding is dat hierdie begrip ook 'n proses en resultaat beskryf, maar die primêre klem in hierdie gedeelte val op prosesmatige groei, terwyl die voltooide uitkoms sekondêre klem het. Hierdie wordingsproses behels vier elemente: die diagostiese element, die element van kennis of insig, die element van konkretisering en die element van visie wat die kenniskonkretisering effektief rig.*

## 1. Inleiding

Toerusting is 'n sentrale funksie binne die spektrum van kerklike aktiwiteite. Vrae oor die effektiwiteit van toerusting (vgl. Dames, 2004:169; Kruger & Venter, 2003:461; Van der Vyver & Venter, 2000:169) sowel as vrae oor die wangestaltes daarvan (vgl. Venter, 2004:429; De Klerk & Nagel, 2004:125; Burger, 1991:21) word gereeld op die kerklike agenda geplaas.

Venter (2001a:373; 2001b:513) as toeruster by uitnemendheid, het hom ook besig gehou met die uitdaging om effektiewe, tersaaklike en toegespitste toerusting te verwerklik.

Die aspek van toerusting as 'n wordingsproses word in hierdie huldigingsartikel ondersoek. Die doel is om die *vernaamste idee van toerusting* Skriftuurlik te ondersoek en te omlyn, sodat in die lig daarvan praktykteoretiese voorstelle gemaak kan word. Met hierdie invalshoek word gepoog om die prosesmatige progressie in toerusting te onderstreep.

Die ondersoek word gedoen vanuit die Praktiese Teologie en sluit aan by die eie-aard van hierdie wetenskap. Hierdie eie-aard word veral beskryf deur die begrip *handeling,* wat verder uitgebrei kan

word deur dit ’n *kommunikatiewe handeling* te noem (vgl. Kloppers, 2003:115; Pieterse, 1991:43-45). Op grond van hierdie benaderingswyse word hierdie wetenskap aangedui as ’n aksie-georiënteerde vak (vgl. Louw, 1996:23) met ’n sterk werklikheidsbetrokkenheid. Die spesifieke kommunikatiewe handelinge is in hierdie geval die aksie wat beskryf word deur die werkwoord καταρτίζω (*toerus*) en die selfstandige naamwoord καταρτισμός (*toerusting*).

Die volgende kritiese vrae dien as motivering vir hierdie ondersoek:

- In hoe ’n mate het toerusting (binne watter bedieningsgestalte ook al) verwater tot ’n formaliteit waardeur dit bloot deel geword het van ’n sisteem wat met koue pligpleging in stand gehou word? Hierdie toestand hou verband met wat Burger (1999:145) ’n “naïewe teologiese teorie” oor die funksionering van ’n gemeente noem.
- Is die toeruster se belangrikste oogmerk met sy toerusting daarin geleë om die hoorders gelukkig en tevrede te hou, of om die radikale uitdagings wat Christenskap stel, onomwonde deel van sy/haar toerusting te maak?
- Word toerusting so beplan en gesistematiseer (veral in terme van die seleksie van toerustingsinhoud) dat dit verantwoordbare doelwitte sowel as ’n visie-gedrewe uitkoms as oogmerk het? Burger (1991:21) noem die gevaar dat gemeentelike aktiwiteite na die Woordbediening tot stilstand kom, terwyl Woordbediening juis tot geloofsverdieping, *koinonia* en diens moet aktiveer.
- Samevattend: Het die kerk se toerustingstaak dalk sodanig verwater dat die dinamiese wordingsfunksie daarvan agterweë gebly het? Nel (1994:65-69) beklemtoon byvoorbeeld die toerusting van die leier self, eerder as sy toerustingstaak.

In hierdie artikel word gepoog om aan te toon dat toerusting in die kerklike praktyk ’n sterk vormingsagent en transformerende instrument behoort te wees. Die oogmerk van toerusting is konkrete lewensverandering.

## 2. Die begrip *toerusting* in die Nuwe Testament

Die selfstandige naamwoord καταρτισμός en die werkwoord καταρτίζω word op grond van hulle voorkoms en gebruik in die Nuwe Testament in hierdie artikel ondersoek, hoofsaaklik op sinchroniese wyse.

Die selfstandige naamwoord kom net een keer in die Nuwe Testament voor (naamlik in Ef. 4:12) terwyl die werkwoord dertien keer voorkom.

## 2.1 Die werkwoord καταρτίζω impliseer twee betekenisnuanses

### 2.1.1 Die eienskappe, ingesteldheid en aard van 'n gelowige

Die eerste betekenisnuanse wat in hierdie werkwoord ingebed is, dui op die ideale eienskappe, ingesteldheid of aard wat met 'n gelowige geassosieer word. Aspekte van hierdie betekenisnuanse is die volgende (die 1983-vertaling word gebruik tensy anders aangedui en die woord wat die vertaling van καταρτίζω aandui, word telkens uitgelig):

- **Geestelike vaardigheid**

In Lukas 6:40 word die perfektum partisipium gebruik om die ideaal van Christenwees te beskryf binne die konteks van geestelike lewensvaardighede wat op die regte kennis en insig berus en wat afhanklik is van 'n regte leermeester: "Iemand wat *volleerd* is, sal aan sy leermeester gelyk wees." In Hebreërs 13:21 word die vaardigheid om as Christen te kan funksioneer soos volg beskryf: "Mag die God van vrede ... julle *volmaak* (Aor. Inf.) in elke goeie werk ..." (1933-vertaling van Heb. 13:21). God self vestig hierdie Christelike vaardigheid sodat die uitkoms of sukses van die vestiging hiervan uiteindelik sy werk is. Dieselfde gedagte vind ons in 1 Petrus 5:10: "God … sal julle … self weer *oprig*", of volgens die 1933-vertaling: "en mag God … julle *volmaak* bevestig, versterk en grondves …"

- **Die morele ingesteldheid van 'n gelowige**

Galasiërs 6:1 "… julle wat julle deur die Gees laat lei, [moet] so iemand in 'n gees van sagmoedigheid *reghelp*." Die praesens imperatief dui op 'n onderlinge verantwoordelikheid. Hierdie aksie reflekteer die handelingsmodus van die helper. Die herstelde toestand in die lewe van die een wat die hulp ontvang het en wat as doelwit verwerklik moet word, word egter waarskynlik hiermee geïmpliseer. Die begrip kan derhalwe ook soos volg omskryf word: "om iemand in 'n gees van sagmoedigheid te help om die volheidspunt in sy lewe te bereik". Hierdie volheidspunt beteken dan (volgens die konteks) om nie in sonde te val nie. Sodoende word die morele dimensie ook deel van die verstaan van hierdie begrip. Ook die stamverwante begrip ἐξαρτίζω in 2 Timoteus 3:17 het 'n morele

betekenislading en gee uitdrukking aan dit wat ’n Christen moet word (Delling, 1969:476) “sodat die man wat in diens van God staan, *volkome voorberei* en toegerus sal wees vir elke goeie werk”.

- **’n Innerlike krag**

In 2 Korintiërs 13:9 word die stamverwante begrip κατάρτισις gebruik om die innerlike krag wat die aard van gelowiges kenmerk (Delling, 1969:476) uit te druk. Hierdie begrip word vertaal met *geestelike volwassenheid* (1983-vertaling) en *volmaking* (1933-vertaling).

Hierdie volheidstoestand word individueel (vgl. Luk. 6:40), maar ook korporatief verwerklik. Die korporatiewe volheidspunt word gekenmerk deur ’n sterk eensgesindheid (vgl. 1 Kor. 1:10; 2 Kor. 13:11). Hierdie volheidstoestand is nie ’n doel op sigself nie, maar eerder ’n vermoë waardeur ’n persoon in staat gestel word om binne ’n bepaalde opset te kan funksioneer (vgl. ook Heb. 13:21).

### 2.1.2 Die werkwoord καταρτίζω dui op ’n handeling van groei

Die tweede betekenisnuanse wat ingebed is in die werkwoord καταρτίζω dui op ’n *handeling* waardeur ’n persoon *groei* in die rigting van hierdie volheidstoestand. Aspekte van dié groeiproses sluit die die volgende in:

- **Onderlinge verantwoordelikheid om ’n korporatiewe eensgesindheid te verwerklik**

Hierdie handeling word weerspieël in ’n persoon se funksie om instrumenteel te wees om die ideaal van volheid by ander gelowiges te laat groei en te vestig. In 1 Korintiërs 1:10 beskryf die partisipium hoe die aard en eienskappe van Christelikheid en ’n Christelike gesindheid gevestig moet word, spesifiek soos wat dit manifesteer in die eenheid tussen gelowiges: “Julle moet *een wees* in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging.” Hierdie vereiste moet verstaan word teen die agtergrond van verdeeldheid en partyskappe onder die Korintiërs.

Gelowiges moet mekaar ook help en vermaan om hierdie kenmerk en aard van Christelikheid en Christelike gesindheid te vestig, soos wat dit in 2 Korintiërs 13:11 uitgedruk word: “Verder, broers, wees bly, *streef na die geestelike volwassenheid*, aanvaar vermaning, wees eensgesind, leef in vrede.” Die imperatief passief wat in hierdie vers gebruik word, kan waarskynlik ook vertaal word met “word volmaak” (1933-vertaling) of “aim for perfection” (New

International Version). Hierdie slotwoorde van Paulus aan die Korintiërs is ingebed in motiewe (almal as imperatiewe uitgedruk) waardeur die aard en eienskappe van Christelike gemeenskap versterk moet word, naamlik blydskap (wat ook in Filippense 4:2 en 4 gebruik word binne die konteks van 'n eensgesindheidsprobleem), onderlinge vermaning, eensgesindheid en vrede. Die wording wat hier beskryf word, het dus 'n sterk korporatiewe dimensie.

Die gelowiges se onderlinge verantwoordelikheid geskied deur aan te vul wat nog ontbreek (1 Tess. 3:10) of om by die ander persoon heel te maak wat stukkend is (Matt. 4:21). Hierdie handeling veronderstel derhalwe dat die toeruster insig sal hê in die moontlike kennis- en groeiagterstande by die ander persoon. Toerusting geskied verder by wyse van 'n handeling wat as voorbereidende gereedmaking beskryf kan word (vgl. 2 Kor. 9:5; Heb. 11:3), terwyl hierdie funksie bedoel is vir diegene wat hulle deur die Gees laat lei (vgl. Gal. 6:1).

- **Styl**

Die vestiging van hierdie Christelike eienskappe en gesindheid geskied ook deur die besondere styl waarmee hulp aan 'n gevalle medegelowige verleen word: "... julle wat julle deur die Gees laat lei (οἱ πνευματικοὶ), [moet] so iemand in 'n gees van sagmoedigheid *reghelp*." (Gal. 6:1).

- **Selftoerusting en eie groei**

Hierdie handeling weerspieël ook die eie groei – groei waarvoor 'n persoon afhanklik is van die voorbeeld en lering van 'n leermeester (Luk. 6:40) of die Leermeester. Hierdie groei word verwerklik deur iemand se bereidheid om hom te laat toerus (vgl. 2 Kor. 13:11).

- **Die uitkoms of sukses van hierdie groei is uiteindelik God se werk** (vgl. Heb. 13:21; 1 Pet. 5:10)

Die volgende basisteoretiese samevatting kan nou op grond van die voorafgaande uiteeensetting gegee word:

Die begrippe wat behandel is, beskryf 'n dinamiese, ordenende of voorbereidende handeling (Heb. 11:3) wat beweging veronderstel (1 Tess. 3:10) in die rigting van 'n volheidspunt (2 Kor. 13:11). Hierdie volheidspunt impliseer die ideale aard en kenmerke van dit wat met 'n gelowige geassosieer word (Luk. 6:40). Die vestiging van hierdie kenmerke, aard en gesindheid geskied deur die wyse waarop gelowiges mekaar in eensgesindheid help (1 Kor. 1:10; 2 Kor. 13:11; Gal. 6:1). Hierdie eienskappe realiseer uiteindelik as

God se werk (Heb. 13:21; 1 Pet. 5:10), terwyl Jesus die groot Leermeester bly (Luk. 6:40) en die toeruster hom deur die Gees laat lei (Gal. 6:1).

Die begrippe wat reeds bespreek is, beskryf dus 'n *proses* en 'n *resultaat* en die proses en die resultaat is op mekaar aangewese. In die proses word die resultaat so sterk voor oë gehou dat die styl binne die proses alreeds die aard van die verwagte uitkoms weerspieël.

Die vertikale dimensie is 'n trinitariese betrokkenheid.

## 2.2 Die selfstandige naamwoord καταρτισμός (Ef. 4:12)

Vervolgens word die selfstandige naamwoord καταρτισμός behandel soos wat dit voorkom in Efesiërs 4:12 (die enigste plek waar dit in die Nuwe Testament voorkom).

Verskillende definisies en vertalingsekwiwalente van die selfstandige naamwoord καταρτισμός word eerstens in oënskou geneem:

- "to make someone completely adequate or sufficient for something" (Louw & Nida, 1988:I:680);
- "to denote inner strengh ..." (Delling, 1969:476);
- "Einrenkung der Glieder" (om 'n ontwrigte ledemaat weer terug te plaas in posisie – Rienecker, 1974:450; hierdie betekenis word buite die Bybel slegs deur Apollonius Citiensis gebruik (Hoehner, 2002:549);
- "a perfectly adjusted adaptation, complete qualification for a specific purpose" (Mounce, 1993:270);
- "... a making fit or complete" (Morris, 1994:127);
- "om iemand te lei na volmaaktheid" (Schnakenburg, 1991:182 – hy stel ook dat die aspek van "byvoeg van dit wat kortkom" hier geld);
- "onderrig, toerusting, voorbereiding, opleiding, dissiplinering" (Best, 1997:173);
- "voorbereiding" (Curry, 1992:304);
- "opleiding" (Ver Straten, 1988:15);
- "fitting them out" en "to shape up" (Stedman, 1972:89).

Samevattend en gegrond op bostaande definisies kan die volgende onderskeie aspekte as deel van ’n basisteorie aangedui word:

- **Die resultaat:**

Die betekenis hou verband met die menslike eienskappe en aard .Hierdie aard en eienskappe sluit geestelike volwassenheid, rypheid of volheid in en geld individueel of korporatief.

- **Die proses:**

Die handeling waardeur hierdie volheidspunt bereik kan word, kan in die volgende terme beskryf word en waarskynlik soos volg gekategoriseer word:

- die herstel van wat verkeerd is, die aanvul van dit wat kortkom en die volmaak van dit wat (half)leeg is;
- voorbereiding, opleiding en toerusting (*kennis* is in hierdie verband ter sake);
- dissiplinering (die vermoë om kennis te *konkretiseer* is in hierdie verband ter sake);
- om geskik of toereikend te maak met ’n spesifieke taak of doelwit voor oë (die *visie* om kenniskonkretisering effektief te rig is in hierdie verband ter sake).

## 3. Die sinchroniese verstaan van die selfstandige naamwoord: die Efesiërbrief as konteks

Die diachroniese verstaan van καταρτισμός werp nie veel lig op die betekenis daarvan nie, aangesien hierdie begrip nie sterk etimologies ingebed is nie (vgl. Delling, 1969:475-476). Gevolglik word die begrip ondersoek volgens sy sinchroniese verstaan aan die hand van die lig wat die Skrifkonteks daarop werp.

’n Analise van die verskillende werkwoordvorme in Efesiërs toon ’n interessante drieledige struktuur:

- Hoofstukke 1 tot 3 word gekenmerk deur die afwesigheid van imperatiewe en die prominensie van indikatiewe. Temas wat in hierdie hoofstukke voorkom, is die kerk se ewigheidsagtergrond, die Christologiese basis en die universaliteit van die kerk.

- Hoofstuk 4:1-16 word gekenmerk deur ’n vervlegtheid van indikatiewe en imperatiewe. Temas wat in hierdie gedeelte voorkom, sluit die volgende in: eenheid in die gemeente, gawes

en die doel van kerklike funksionering, geestelike volwassenheid en *koinonia*.

- Hoofstuk 4:17 tot 6:24 word gekenmerk deur die opeenstapeling van imperatiewe met (baie min) indikatiewe tussendeur. Temas wat in hierdie gedeelte aangedui kan word, sluit die volgende in: bekering, die praktiese deurwerking daarvan en die gestaltes van bekering.

Op grond van bostaande bevindings blyk dit dat die gedeelte 4:1-16 ’n duidelike gedagte-eenheid vorm. Hierdie gedagte-eenheid word vervolgens van nader beskou.

Die praktiese aanleiding tot die woorde in 4:1-16 lê in Paulus se besorgdheid oor die konkrete lewenswandel (περιπατέω) van die Efesiërs (4:1). Die aandrang tot hierdie lewenswandel setel in die goddelike roeping van die Efesiërs (4:1). Die konkrete lewenswandel beteken vir Paulus meer as bloot uiterlike dade: dit is nie bloot die uiterlike nakoming van bepaalde voorskrifte nie, maar impliseer eerder dade wat groei uit iemand se spesifieke aard en ingesteldheid, wat die volgende eienskappe insluit: beskeidenheid, vriendelikheid, geduld, verdraagsaamheid, liefde en vrede (4:2, 3). Hierdie karaktertrekke en eienskappe is afgestem op die handhawing van die eenheid in die gemeente wat Paulus op ’n tweërlei wyse begrond: eksistensieel (deur die Gees gesmee – 4:3) en prinsipieel (4:4-6).

Hierdie agtergrondsinligitng in 4:1-6 kan soos volg saamgevat word:

> Eenheidsversterkende karaktertrekke en eienskappe by (individuele) gelowiges moet die grondslag vorm van die konkrete lewenswandel wat aangewend word tot voordeel van die (korporatiewe) gemeente in hulle eenheidsbestaan.

Hierdie aandui van beweging vanaf die *individuele* na die *korporatiewe* vind ook ’n parallel in die gedeelte 4:7-16. In 4:7 noem Paulus die *individuele*, in 4:11 die *kollektiewe* (die besondere ampte) en in 4:13 en volgende die *korporatiewe* (al die gelowiges as liggaam). Hierdie gedeelte (4:7-16) beskryf ’*n dinamiese wordingsproses* wat begin by ’n spesifieke gegewe (waar die rol van die *individu* klem ontvang) en wat moet groei en ontwikkel om ’n doel of resultaat te bereik (waar die rol van die *groep* klem ontvang). Tussen die aanvanklike gegewe en die uiteindelike resultaat setel die intermediêre handeling wat vir hierdie ondersoek van kardinale belang is. Hierdie intermediêre handeling behels die skarnier wat die oorgang moet bewerk tussen

- dit wat God gegee het; en
- dit wat God tot stand wil bring.

Hierdie uiteensetting kan skematies soos volg voorgestel word:

## Die dinamiese wordingsproses

| **Die gegewe (vgl. δίδωμι)** | | **Intermediêre handeling** | | **Die resultaat** |
|---|---|---|---|---|
| Algemene gawes (4:7)<br>Besondere gawes (4:11) | → | Toerusting (4:12)<br>Dienswerk (4:12)<br>Opbou (4:12, 16) | → | Geloofseenheid (4:13, 16)<br>Geloofsvolwassenheid (4:13)<br>Kennismondigheid (4:14, 15)<br>Liggaamsdele wat funksioneer in eenheid (4:16) |

In hierdie proses staan die gawes sentraal: die besondere gawes (vgl. 4:11) is gegee met ’n goddelike bedoeling, naamlik die toerusting van gelowiges wat weer op hulle beurt elkeen ’n algemene gawe of meer ontvang het (4:7). Wat hier van belang is, is dat die algemene gawes nie outomaties of meganies werk nie, maar gemobiliseer moet word. Hierdie mobilisering geskied deur toerusting en konkretiseer in dienswerk en onderlinge opbou. So fasiliteer dit die opbou van die liggaam (4:12 – wat in 4:16 ’n weerklank vind).

Tot hier gaan dit oor die handeling of *wordingsproses*. Die *resultaat* van die handeling is die geestelike eenheid in Christus (4:13-15), sowel as ’n eksistensiële eenheid (4:16). Omdat hierdie resultaat nie meganies of outomaties verwerklik word nie, is dit duidelik dat die effektiwiteit van die intermediêre handeling die kwaliteit van die resultaat gaan bepaal.

Die intermediêre handeling (vgl. die tweede blok hier bo) bevat drie aksies: *toerusting, dienswerk en opbou*. Die spesifieke verhouding tussen hierdie drie aksies, soos dit sintakties verstaan moet word, word vervolgens aan die orde gestel:

Die regte verstaan van die sintaksis van veral vers 12, in sy verhouding met vers 11, is belangrik en word vervolgens behandel.

Vers 12 bevat drie bysinne wat elkeen met ’n voorsetsel ingelei word:

- πρὸς τὸν καταρτισμὸν τῶν ἁγιων (met die oog op die toerusting van die heiliges);
- εἰς ἔργον διακονίας (tot dienswerk);
- εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ Χριστοῦ (tot opbou van die liggaam van Christus).

Hierdie drie bysinne kan in terme van hulle samehang op ten minste vier verskillende maniere verstaan word.


Schnakenburg (1991:172, 182) beweer dat die sintaktiese verhouding nie duidelik is nie en dat ’n mens in hierdie kontroversiële saak nie ’n definitiewe gevolgtrekking kan maak nie. In hierdie opsig word ook in gedagte gehou dat die presiese betekenis van die voorsetsels πρὸς εν εἰς hier nie bo alle twyfel vasgestel kan word nie, aangesien πρὸς met die akkusatief (soos hier) baie uitgebreid gebruik word met ’n verskeidenheid moontlike betekenisse (vgl. Funk, 1973:124) terwyl εἰς dikwels in die plek van ἐν gebruik word (Funk, 1973:110) – ’n faktor wat ook die bedoeling kan versluier.

Tog sal gepoog word om so objektief moontlik te kom tot die mees waarskynlike verstaan van hierdie sintaktiese verhouding.

Elkeen van hierdie vier moontlike verhoudings word vervolgens kortliks bespreek:

## 3.1 Al drie bysinne afsonderlik hou verband en word bepaal deur die werkwoord

’n Eerste verstaan van hierdie verhouding impliseer dat al drie bysinne afsonderlik verband hou en bepaal word deur die werkwoord ἔδωκεν (aor. van δίδωμι) in vers 11 en dit kan skematies soos volg voorgestel word:




In hierdie geval sou die vertaling (of parafrase) kon lui:

> Hy het (amps)gawes … gegee met die oog op die toerusting van die heiliges, en Hy het gawes gegee tot dienswerk en Hy het gawes gegee tot opbou van die liggaam van Christus.

Hiervolgens sou die betekenis wees dat die besondere ampte die subjek is van toerusting *en* dienswerk *en* opbou. Die probleem met hierdie verstaan van die sintaksis is dat dit nie rekening hou met die gebruik van *verskillende* voorsetsels (πρὸς εν εἰς) nie, terwyl ook nie rekening gehou word met die verantwoordelikheid van gelowiges wat nie besondere gawes ontvang het nie (vgl. 4:16).

## 3.2 Die verband van die eerste twee bysinne met die werkwoord

'n Tweede verstaan van vers 12 behels 'n verband van die eerste twee bysinne met die werkwoord ἔδωκεν in vers 11 wat soos volg voorgestel kan word:




Hierdie manier van lees sou soos volg omskryf kon word:

> Hy het gawes ... gegee met die oog op die toerusting van die heiliges, en Hy het gawes gegee met die oog op dienswerk tot opbou van die liggaam van Christus.


In hierdie geval sou die besondere ampte die subjek wees van die toerusting én die dienswerk wat dan lei tot die opbou van die liggaam van Christus. In heelwat Engelse vertalings is hierdie vers wel so vertaal, soos byvoorbeeld die King James Version:

> For perfecting of the Saints, for the word of the ministry …

Hierdie komma na "Saints" word deur Stevens en Collins (1993:xiii) 'n ongeïnspireerde en fatale komma (vgl. ook Stott, 1979:166) genoem wat nie deur die teks of die konteks geregverdig is nie.

## 3.3 ἔδωκεν bepaal slegs die toerusting; die dienswerk vloei voort uit die toerusting

'n Derde verstaan van vers 11 en 12 impliseer dat ἔδωκεν slegs die toerusting bepaal en dat die dienswerk voortvloei uit die toerusting net soos die opbou op sy beurt voortvloei uit die dienswerk. Skematies lyk dit so:




'n Vertaling van bogenoemde sou kon lui:


> Hy het (amps)gawes gegee met die oog op toerusting wat lei tot dienswerk wat weer lei tot die opbou van die liggaam van Christus.

Hierdie verstaan van die teks beteken dat toerusting alleen maar op dienswerk afgestem sou wees en dat met die toerusting niks meer as dit voor oë gehou hoef te word nie. Dienswerk word dan weer die instrument wat uitsluitlik die opbou van die liggaam bewerk. Hierdie verstaan van die verhouding tussen die drie bysinne en hulle betrekking op die werkwoord ἔδωκεν stem ooreen met 'n ouere verstaan daarvan en word byvoorbeeld onderskryf deur Verster (1977:33, 34) op voetspoor van Roberts (1963:135).

## 3.4 Die toerusting is gemik op sowel dienswerk as opbou

'n Vierde verstaan van die verhouding tussen die onderskeie bysinne word onder andere deur Hoehner (2002:548), Morris (1994:128) en Stedman (1972:88) ondersteun. In hierdie geval het ἔδωκεν betrekking op die toerusting (deur die voorsetsel πρὸς aangedui), terwyl die toerusting gemik is op sowel dienswerk as

opbou (albei deur die voorsetsel εἰς aangedui). Skematies sou dit soos volg uiteengesit kon word (die handelingsubjek word telkens aangedui):




Hiervolgens het die toerustingsaksie ’n dubbele doelstelling en ’n vertaling (of parafrase) hiervan sou só kon lui:

> Hy het (amps)gawes gegee vir die toerusting van die heiliges. Hierdie toerusting geskied vir die doel van dienswerk, maar ook vir die doel van die opbou van die liggaam van Christus.

Bogenoemde verklaring van die sintaksis word as die mees toepaslike aanvaar en dit word soos volg gemotiveer:

- Die grammatikale onderskeid tussen die eerste bysin aan die een kant (ingelui met die voorsetsel πρὸς) en die tweede en derde bysinne aan die ander kant (albei ingelui met die voorsetsel εἰς) word hierdeur erken.
- Die betekenis van καταρτισμὸς en verwante begrippe (soos hierbo uiteengesit) beskryf nie net ’n proses van groei en die fasilitering daarvan nie (soos wat deur die begrip dienswerk uitgedruk word). Ook die resultaat of uitkoms daarvan (die volheidspunt of volwasse stand) is sterk inbegrepe by die betekenis van die begrip. Daarom is dit hoogs waarskynlik dat καταρτισμὸς ook betrekking sal hê op die opboumotief aangesien hierdie motief direk gekoppel is aan die geestelike groei en volheid in Christus in vers 13.
- ’n Bepaalde aspek van die interpretering hiervan hou verband met die subjek van die dienswerk en opbouwerk. Indien dienswerk en opbou as uitsluitlik ampswerk gesien word, sou die tweede uitleg hierbo die aangewese moes wees. Dienswerk moet

hier egter verstaan word in sy kontras met die werk van die duisternis in 5:11 (saam met 4:12 is dit die enigste twee plekke in die Efesiërbrief waar die woord ἔργον in hierdie betekenis gebruik word [vgl. Schmoller, 1968:193] en moet dus op mekaar betrek word). Die werke van die duisternis is iets waarteen die *hele gemeente* gewaarsku word en het dus 'n korporatiewe toepassing. In samehang hiermee het die dienswerk in 4:12 ook 'n korporatiewe toepassing.

Ook die opbou-aksie is duidelik 'n saak vir die hele gemeente soos wat dit eksplisiet in 4:16 gestel word.

## 4. Die drie aksies van Efesiërs 4:12 in konteks

Hierdie drie aksies (*toerus, dienswerk* en *opbou*) word afsonderlik in oënskou geneem aangesien dit 'n samehang bevat waardeur die intermediêre handeling verteenwoordig word. Die doel hiermee is om die samehang te gebruik en daardeur meer lig op die eerste aksie te werp.

### 4.1 Die eerste aksie impliseer "toerusting" uitgedruk deur καταρτισμός

Die subjek van hierdie aksie is diegene aan wie die besondere gawes gegee is soos uitgedruk in die lysie ampsdraers in 4:11. Hier word aanvaar dat hierdie ampte (apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars) almal eenmalige ampte verteenwoordig wat in die aanvanklike vestiging van die kerk nodig was en tog vergelyk kan word met die besondere ampte in die algemeen (vgl. Getz, 1981:101; Verster, 1977:19-24) oftewel met die geestelike leiers van die kerk (vgl. Curry, 1992:295 e.v.; Hendriks, 1987:1; Richards & Hoeldtke, 1980:96).

Hierdie kerkleiers vind ook nie hulle doel in hulle eie bestaan nie, maar in hulle funksie om ander toe te rus vir dienswerk en opbou. Die klem val nie op hulle bestaan of status nie, maar op die rol wat hulle moet vervul (vgl. Best, 1997:173; Mappes, 1997:169).

Die objek van hierdie eerste aksie is die heiliges (ἅγιοι), wat 'n geliefde aanspreekvorm by Paulus is (vgl. Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2; 2 Kor. 1:1; Ef. 1:1; Fil. 1:1) en wat geassosieer word met God se gawes aan en werk in die gelowiges (vgl. 1 Kor. 1:4-8). Hierdie heiliges se potensiaal tot groei en die voleindiging daarvan is ook 'n sterk motief by Paulus (vgl. Fil. 1:6). Die heiliges is gelowiges wat elkeen een of meer gawes ontvang het – 'n feit wat ook die potensiaal tot groei bevat. Die toeruster(s) behoort rekening te hou

met die gawes van gelowiges sodat individuele toerusting so sal geskied dat die spesifieke individuele gawes aangewend kan word vir dienswerk en onderlinge opbou.

Die besondere gawes word gebruik om die algemene gawes (4:7) deur middel van toerusting te aktiveer en sodoende die hele gemeente te mobiliseer. Die doel van toerusting is dus onder andere die aktivering van die hele gemeente. Dié doel staan lynreg teenoor amps-outokrasie of waar met jaloesie gewaak word oor die vermeende alleenreg om aktief in die gemeente te wees. Hierdie klerikalistiese ampshouding gaan dikwels daarmee gepaard dat die gemeente passief word asook dat inisiatiewe van die heiliges ontmoedig en selfs onderdruk word.

Met hierdie motivering en aktivering van die heiliges moet die motief van eensgesindheid nooit uit die oog verloor word nie. Eensgesindheid is immers ’n sentrale motief in die hele gedeelte: 4:1-16. Daarom is dit belangrik dat ’n gemeente sodanig geaktiveer sal word dat gemeentelike aktiwiteite die eenheid en eensgesindheid sal bevorder en nie sal afbreek nie.

## 4.2 Die tweede aksie impliseer dienswerk (ἔργον διακονίας)

Die heiliges wat toegerus is deur die besondere ampte, wie se gawes geaktiveer is deur die toerusting, en in wie se lewens God werksaam is, se status verander nou van ontvanger na dienaar (of dienskneg). Die heiliges is derhalwe nou die subjek van die dienswerk.

Dit lyk na die mees waarskynlike om die uitdrukking “werke van diens” (ἔργον διακονίας) hier te verstaan in sy teenstelling met die gewone uitdrukking van “diens” (διακονία) wat normaalweg deur Paulus gebruik word om die ampswerk van bedienaar van die Woord aan te dui (vgl. 2 Kor. 3:6-8; 4:1; 5:18; 6:3; Rom. 11:13; Kol. 4:17).

Aan die ander kant wys Schnakenburg (1991:183) daarop dat die (algemene) gawes van die Gees ook *diakonia* insluit, met verwysing na 1 Korintiërs 12:5. Wat wel duidelik is in verband met die “werk van diens”, soos dit in Efesiërs gebruik word, is dat die begrip hier gekontrasteer word met die “onvrugbare werke van die duisternis” in 5:11. Eerder as dat dienswerk ’n manifestasie van die duisternis is, moet dit verstaan word as ’n manifestasie met ’n spesifieke aard wat eenheidsversterkende motiewe as kenmerke het (vgl. 4:2).

Dienswerk moet ook verstaan word as ’n konkretisering van die algemene gawes (vgl. 4:7).

Hierdie dienswerk geskied met ’n bepaalde gesindheid en volgens ’n bepaalde styl:

> Dienswerk is die werk van ’n dienskneg of bediende. Dienswerk impliseer dus veral nederige werk wat ’n diensbereidheid en ’n selfverloënende ingesteldheid vra (vgl. ook Efes. 4:2). Nederigheid word ook in Lukas 6:40 (vgl. 1.1 hierbo) met die werkwoord καταρτίζω in verband gebring. Hierdeur word heerssug, statusbewustheid en ’n outoritêre houding binne ’n gemeente radikaal uitgerangeer (vgl. Hendriks, 1992:14 e.v.). Die objek van hierdie dienswerk is die medeheiliges of medegelowiges.
>
> Dienswerk in ’n gemeente deur individuele gelowiges mag nooit ’n instrument tot selfverhoging wees nie. Dienswerk mag eweneens nooit gebruik word as ’n manier om eie selfwaarde te vestig nie. Dit word eerder verrig vanuit die persoonlike besef van eiewaarde wat alreeds gevestig is deur verbondenheid aan Christus – hierdie aspek beskryf Paulus in baie eksplisiete terme aan die begin van sy brief (vgl. byvoorbeeld 1:3-14; 2:4-10).

## 4.3 Die derde aksie impliseer opbou (οἰκοδομέω)

Soos by enige metafoor word hier ook in gedagte gehou dat daar ’n groter saak is wat oorheers en waaraan die metafoor (of beeld) ondergeskik is.

### Die opboumetafoor

Hierdie metafoor, naamlik opbou, word deur Paulus gebruik in aansluiting by die Ou-Testamentiese gebruik daarvan (vgl. Hendriks, 1992:65). Die ballingskap en terugkeer daarna het ’n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van hierdie beeld. In die Ou Testament word die klem egter veral op die negatiewe aspek geplaas (afbreek, uitroei – veral in Jeremia, met uitsonderings in Jer. 24:6 en 42:10), terwyl Paulus die klem op die positiewe aspek daarvan plaas (opbou, groei).

Paulus se gebruik van die opbou-metafoor in Efesiërs 4:12 moet verstaan word in die lig van die gebruik daarvan in Efesiërs 2:19-22 (die motiewe wat dui op opbou word gekursiveer):

> Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die *huisgesin*

> *van God.* Julle is ’n *gebou* wat *opgerig* is op die *fondament* van die apostels en die profete, ’n *gebou* waarvan Christus Jesus self die *hoeksteen* is. In Hom sluit die hele *gebou* saam en *verrys* dit tot ’*n heilige tempel* vir die Here, in wie julle ook saam *opgebou* word as ’n *geestelike huis* waarin *God woon*.

Hier is die konteks missiologies of universeel. Op grond hiervan kan aanvaar word dat οἰκοδομέω in die Efesiërbrief sowel ’n missionêre (2:19) as ’n konsoliderende of eenheidsversterkende mikpunt het (4:16). Die missiologiese klem word ook in 4:13 gevind wanneer Paulus stel dat “*alma*l uiteindelik sal kom tot die werklike grootte …”

**Die Trinitariese inbedding van die opboumotief**

Die bou-/opboumotief in Efesiërs moet ook verstaan word in sy Trinitariese inbedding volgens die aangehaalde deel hierbo (Ef. 2:19-22):

- God die *Vader* is ook Vader van die huisgesin wat gebou word (2:18, 19).
- *Christus* is die hoeksteen waarop gebou word (2:20, 21) terwyl Christus as verhoogde Here (4:7-11) ook die Gewer van die besondere gawes is.
- Die *Heilige Gees* is die Bewerker binne die opbouproses. Die ἐν-konstruksies in 2:18 (ἐν ἑνι πνεύμαται), 2:21 (ἐν κυριῳ) en 2:22 (ἐν πνεύματι) word as omstandigheidsbepalings verstaan en op mekaar betrek sodat die vertaling van vs. 22 nie bloot “’n geestelike huis” (vgl. 1983-vertaling) behoort te wees nie, maar “’n huis van God in die Gees” (dit is: die Heilige Gees), soos in 2:18 die geval is en soos wat dieselfde konstruksie in 2:21 ten opsigte van Christus gebruik word. Die Gees van God is dus as Bewerker bepalend vir die hele opbouproses waardeur God die gemeente deur die loop van die geskiedenis oprig as ’n woonplek vir Hom.

Die volgende opmerking word as ter sake beskou:

> *Pneumatologiese opbou* beteken dat dit nie die krag en geweld van die mens is wat God se bouwerk laat slaag nie, maar die Gees van die Here (Sag. 4:6). Slegs die Gees van God kan ’n verdorwe mens (vgl. Ef. 2:1-3; 4:17-19) in staat stel om dienswerk te doen en sy instrument te wees (vgl. Eseg. 36:26, 27; Rom. 8:4 en Gal. 5:16).

Die aspek van ’n volheidspunt, wat deur καταρτισμὸς so duidelik beklemtoon word, kan waarskynlik ook in die begrip οἰκοδομὴω

gelees word en hierdie volheidspunt sou die volgende kon wees: *'n konkrete en bevindelike inwoning of teenwoordigheid van God in sy gemeente* (vgl. 2:22).

**Die doel van opbou – positief én negatief**

Die doel van opbou word in vss. 13 en 14 onderskeidelik positief en negatief gestel:

**Die positiewe elemente in die opbouproses** is geleë in die volgende:

- geloofseenheid;
- grondige kennis van Christus (wat ook 'n persoonlike verhouding impliseer aangesien ἐπίγνωσις nie volgens sy Griekse wortels verstaan moet word nie, maar eerder volgens sy Hebreeuse ekwivalent, naamlik ידע;
- en die volgroeidheid en geestelike volwassenheid volgens Christus se beeld (vgl. 4:24).

Dit is opvallend dat die volheidspunt wat deel van die inhoud van καταρτιζμός is, hier uitgespel word. Hierdie tema word in vs. 15 hervat.

**Die negatiewe doel van opbou** hou verband met die volgende:

- om nog kind, dit wil sê onvolwasse, te wees;
- om die gepaardgaande geestelike onstandvastigheid te hê wat iemand 'n maklike prooi maak vir die dwaalleraars van destyds.

Opbou kan ook *inbou* of *vasbou* in die geestelike huis beteken (soos in 1 Pet. 2:5 bedoel) en het ten doel om hierdie kwesbaarheid van 'n losstaande gelowige teen te werk.

# 5. Die wordingsproses beskryf

## 5.1 Basisteoretiese samevatting en gevolgtrekkings

In die lig van bostaande ondersoek kan die volgende samevattende kernaspekte uitgelig kan word wanneer besin word oor toerusting as 'n wordingsproses:

### 5.1.1 Die twee pole – *proses* en *resultaat*

Die werkwoord καταρτίζω (en stamverwante begrippe) bevat twee pole in sy beskrywing van 'n *proses* en 'n *resultaat*. Hierdie twee

pole is egter op mekaar aangewese. In die proses word die resultaat alreeds voor oë gehou sodat die toerustingstyl binne die proses alreeds die aard en eienskappe van die verwagte uitkoms weerspieël.

#### 5.1.2 Prosesmatige groei en voltooide produk

Die selfstandige naamwoord καταρτισμός bevat ook twee pole, maar die aksent val op die eerste pool. Die primêre betekenisnuanse is die betekenis van ’n *handeling* wat *prosesmatig groei* of ’n *wordingsgebeure* aandui. Die aspek van die *voltooide produk of toestand* het sekondêre klem, maar speel tog in op die handeling, daarin dat dit sterk rigtingbepalend is.

Hierdie begrip behoort dus in die lig van sy primêre betekenisnuanse verstaan en gebruik te word, maar nie geïsoleerd van sy sekondêre betekenisnuanse nie.

### 5.2 Praktykteoretiese afleidings

#### 5.2.1 Die elemente in toerusing

Die wese van toerusting as wordingsproses bevat die volgende elemente:

- **Die diagnostiese element:**

Die herstel van wat verkeerd is, die aanvul van wat kortkom en die volmaak van wat (half)leeg is. Kennis- en groeiagterstande word vooraf vasgestel.

- **Die element van kennis en insig**

Voorbereiding, opleiding en toerusting.

- **Die element van konkretisering:**

Dissiplinering met die oog op die vaardigheid om kennis te konkretiseer.

- **Die element van visie:**

Om geskik of toereikend te maak met ’n spesifieke taak of oogmerk: die visie om kenniskonkretisering effektief te rig.

#### 5.2.2 Die skep van vaardighede

Bogenoemde vier aspekte wat deel vorm van die wese van toerusting as ’n wordingsproses hou logies verband met die *skep*

*van vaardighede*, wat al vier elemente betref en wat soos volg gemotiveer kan word:

- **Vaardigheid om dit wat ontbreek of kortkom raak te sien**

Vaardighede word by ’n persoon (of persone) geskep deur hom/haar bewus te maak van dit wat kortkom, met die oog daarop om hierdie tekorte aan te vul. So ook moet die persoon bewus gemaak word van dit wat verkeerd is sodat hierdie verkeerdhede reggestel kan word. Hierdie proses sluit in die bewusmaking van persepsionele onjuisthede of gedragsagterstande wat deur gewoonte gevestig is.

Wat in hierdie opsig in gedagte gehou behoort te word is die effek van gemaksones en die intrinsieke ontwrigting om so ’n gemaksone te deurbreek. ’n Sterk en geloofwaardige visie kan hierdie deurbreking egter fasiliteer. Die visie van geestelike rypheid (vgl. 5.1 en 5.2 hierbo) behoort deel van die toerustingsinhoud te wees en deurentyd sterk in ag geneem te word.

Toerusting mag nooit die effek van gemaksones versterk en bloot bestaande sisteme in stand hou nie – dan word die dinamiek en momentum van die wordingsproses geneutraliseer.

- **Vaardigheid wat berus op gepaste kennis en insig**

Vaardighede word geskep deur gefokuste opleiding en voorbereiding deur gepaste kennis oor te dra en sodoende insig en begrip te vestig.

Hierdie element sluit baie nou aan by die eerste element. By hierdie element, naamlik die diagnostiese element, val die klem egter op kennis wat ’n mens bewus maak van onjuisthede. By hierdie tweede element, naamlik die element van kennis én insig, val die klem op die uitbreiding van hierdie kennis. Die oogmerk is om dit te bereik wat in Efesiërs 4:13 as ideaal gestel word: “So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God.” By die oordra van hierdie kennis word die betekenis van die Hebreeuse ידע wat kennis in ’n persoonlike verhoudingskonteks beskryf, in ag geneem. Dit gaan dus nie oor skolastiese kennis nie, maar oor “ons kennis van die Seun van God.”

- **Ingeoefende vaardighede sodat kennis toegepas kan word**

Vaardighede word geskep deur dissiplinering wat inoefening behels met die oog daarop om kennis toe te pas. Hierdie element impliseer

'n oorgang van die posisie van passiewe ontvanger wees na dié van aktiewe dienskneg. Die kerkbeskouing van baie lidmate sal ook in hierdie opsig moet verander van die vraag: "Wat beteken die kerk vir my?" na "Wat beteken ek vir die kerk?" Uiteindelike geestelike rypheid (die visie) geskied nie bloot deur kennis-oordrag nie, maar kom tot stand deur aktiewe inspanning en die uitlewing van vaardighede om die kennis en insig oor te dra. Die internalisering van 'n bepaalde kennis-inhoud word bewys deur die demonstasie daarvan. Toerusting wat stol in die teorie en hoorders nie aktiveer tot die oorgaan in diens en opbou nie, geskied nie in ooreenstemming met die Bybelse idee van toerusting nie.

- **Vaardighede om te fokus op 'n bepaalde doelwit**

Vaardighede word geskep op so wyse dat dit fokus op 'n bepaalde taak of take met die oog op bepaalde doelwitte. Wanneer 'n spesifieke uitkoms van meet af aan duidelik uitgespel word, skep dit 'n eensgesindheid, 'n vaartbelyndheid en progressie. Visiegedrewe toerusting verseker hierdie progressie en sodoende word die eie-aard van die Bybelse begrip *toerusting*, naamlik dat dit 'n wordingsproses is, verwerklik.

### 5.2.3 Toerusting en vaardighede veronderstel sekere dinge

Toerusting, as die *skep van vaardighede* veronderstel die volgende:

- **Die aanwending van die vaardighede**

Die skep van vaardighede veronderstel ook die aanwending van die vaardighede. Toerusting geskied dus nooit in 'n lugleegte as bloot 'n akademiese oefening nie. Toerusting is afgestem op die praktyk van praktiese dienswerk en opbou in 'n gemeente. Dit veronderstel die skep van *strukture*. Binne hierdie strukture behoort die toerusting te kan geskied en binne dieselfde strukture behoort die toerusting oor te gaan in dienswerk en opbou. Uitgediende strukture behoort vervang te word met funksionele strukture.

- **Gawes is potensiële vaardighede**

Die skep van vaardighede behoort deur toerusting te geskied volgens die spesifieke *gawes* van die persoon wat toegerus word. 'n Verskeidenheid gawes word binne 'n gemeente gegee en dit veronderstel dat daar ook 'n verskeidenheid vaardighede in 'n gemeente sal bestaan. Gawes is in 'n sekere sin potensiële vaardighede wat ontwikkel en gebruik moet word. Gawes word immers gegee met die doel dat dit aangewend sal word. Toerusting

is onder andere om te voltooi wat ontbreek, ook in terme van die aanwending van geestelike gawes.

- **Vaardighede op grond van toerusting wat gefokus aangebied word**

Die skep van vaardighede geskied deur toerusting wat sterk *gefokus* is. Toerusting wat nie gefokus is nie, is waarskynlik baie minder effektief. Die fokuspunte hou verband met die onmiddellike doelwitte, naamlik dienswerk en opbou. Die eerste uitkoms is dus hierdie spesifieke take en daarom is hier sprake van 'n sterk doelgerigtheid wat spesifieke vaardighede noodsaak. Die uiteindelike doelwitte of finale uitkoms hou weer verband met geestelike volwassenheid (vs. 13) (met sy negatiewe teenkant) en konkrete en lewende *koinonia* (vs. 15, 16). Die inhoud van toerusting hou dus verband met motiewe soos dienswerk en opbou met die oog op geestelike groei en 'n belewing van die liggaam van Christus.

- **Gemotiveerdheid binne die konteks van God se breë plan**

Die skep van 'n *gemotiveerdheid* ten opsigte van die taak is noodsaaklik. Nie alleen die vaardigheid in tegniese sin is nodig nie, maar ook die dryfkrag daaragter wat die dinamiek verseker. Gemotiveerdheid ten opsigte van die verwerkliking van die taak word geskep deurdat die goddelike noodsaak daarvan, binne die konteks van *God se breë plan* (vgl. Ef. 1:4, 9, 10) verstaan word. Die toegeruste persoon moet homself sterk betrokke voel by God se plan en behoort die eienaarskap daarvan te aanvaar. Daarby behoort sy nuwe status in Christus (vgl. onder andere 2:5, 4:20-24) ook 'n bepalende dryfveer te wees, sowel as 'n begeerte en behoefte om soos Christus te word (4:13). Die roeping wat 'n gelowige ontvang het, is die beginpunt – God het die inisiatief geneem.

- **Toerusting geskied *Christologies* en *Christosentries***

Toerusting geskied *Christologies* en *Christosentries*. Christus is die Gewer (4:7-11) van vaardighede, die Opdraggewer tot die skep van vaardighede (4:12) en die Hoof (of ideale voorbeeld) waarheen beweeg word. Die skep van vaardighede geskied dus uit Hom en tot Hom.

- **Toerusting geskied *pneumatologies***

Toerusting geskied *pneumatologies*. Die Heilige Gees bewerk die eenheid tussen gelowiges. Die skep van vaardighede as proses

sowel as die aanwending van die vaardighede geskied in die eerbiediging van hierdie Gees-bewerkte eenheid. Toerusting bly deurentyd afgestem op die handhawing en versterking van die eenheid onder gelowiges.

- **Toerusting geskied ook met die oog op praktiese *lewenswandel***

Toerusting geskied ook met die oog op praktiese *lewenswandel* wat ooreenstem met die goddelike roeping wat die gelowige ontvang het. Hierdie lewenswandel is nie bloot die uiterlike gehoorsaming van die regte voorskrifte nie, maar die manifestasie van die regte ingesteldheid of eienskappe van menswees en Christen-wees. Die skep van 'n lewenswandel wat ooreenstem met die goddelike roeping begin nie by gedragsvorming nie, maar by karaktervorming. Toerusting beteken dus meer as bloot die deurgee van Bybelse gedragsdirektiewe. Die tersaaklike eienskappe waarop klem geplaas behoort te word, is beskeidenheid, vriendelikheid, geduld, verdraagsaamheid, liefde en vrede (Ef. 4:2, 3).

- **Vaardigheidskepping om die gemeente te *aktiveer***

Die skep van vaardighede veronderstel dat lidmate bekwaam gemaak sal word met die oog op *aktivering* (teenoor passief wees) van die gemeente. Die basiese ingesteldheid by die hele gemeente (insluitend ampsdraers) behoort dan die volgende te wees:

> Toerusting moet beskou word as 'n gemeentelike aktiwiteit om dienswerk en opbouwerk te verrig. Hierdie siening staan teenoor ampseksklusiwiteit waar sogenaamde leke-inisiatiewe dikwels onderdruk en ontmoedig word. Toerusting is juis daarop gemik om hierdie sogenaamde leke-inisiatiewe aan te moedig. Hierdie inisiatiewe en aktiwiteite moet egter groei vanuit 'n bepaalde vaardigheid of funksionele effektiwiteit wat in ooreenstemming is met die goddelike bedoeling daarvan. Die goddelike bedoeling van hierdie inisiatiewe moet ontwikkel binne die gemeente en met inagneming van die eenheidsmotief wat 'n Christelike lewenswandel en gedragswyse onderlê.
>
> Inisiatiewe en aksies vanuit die gemeente wat geskied sonder dat die nodige vaardighede vooraf geskep is, kan egter wel nadelig wees.

- **Bereidheid tot nederige werk**

Dienswerk beteken 'n bereidheid tot nederige werk en dit vra 'n nederige gesindheid wat eie is aan 'n selfverloënende gelowige.

- **’n Proses van die individuele na die korporatiewe**

Toerusting as wordingsproses beweeg van die individuele na die korporatiewe. Die aktivering van die gemeente begin by die aktivering van die enkeling.

## 6. Ten slotte

Toerusting is ’n wordingsproses. In die toerustingsinhoud behoort hierdie feit alreeds weerspieël te word. Die hoorders wat toegerus word, se agenda behoort dus in ooreenstemming te wees met die toeruster se agenda, wat op sy beurt in ooreenstemming behoort te wees met Christus se agenda. Hierdie agenda kan soos volg saamgevat word:

> Toerusting is nooit ’n motief op sy eie nie, maar ’n intermediêre handeling met die oog op die “volmaking” van die gemeente. Hierdie volmaking is die groter saak wat gedien behoort te word.

Volgens bostaande uiteensetting van hoe vaardighede by gelowiges geskep word, is die veronderstelling dat die subjek van toerusting die besondere ampsdraer is. Hiermee saam moet dan veronderstel word dat die besondere ampsdraer alreeds sodanig toegerus is dat hy in staat is om ander toe te rus. Die meeste van die bostaande punte geld *mutatis mutandis* ook vir die opleiding van ouderlinge, diakens en ook van predikante.

Die peil van geestelike volwassenheid en die belewing as liggaam van Christus hou direk verband met die peil van toerusting.

## Geraadpleegde bronne


BEST, E. 1997. *Essays on Ephesians*. Edinburgh: Clark.

BURGER, C. 1991. *Die dinamika van ’n Christelike geloofsgemeenskap: Nuut gedink oor gemeentes.* Kaapstad: Lux Verbi.

BURGER, C. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: BUVTON.

CURRY, G. 1992. Equipping the saints: Ministry in the twenty-first century. *Churchman*, 106 (4):294-307.

DAMES, G. 2004. ’n Dissipelbou-pedagogie: Vorming van kritiese dissipels in ’n postmoderne samelewing. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 19(1):169-191.

DE KLERK, B.J. & NAGEL, C.J. 2004. ’n Beperkte empiriese ondersoek van kreatiewe prediking in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 38(1):125-144.

DELLING, G. 1969. Artios, eksartidzo, katartidzo, katartismos, katartisis. (*In* Kittel, G., *ed*. *Theological dictionary of the New Testament*, 1:475-476.)

FUNK, R.W. 1973. *A Greek grammar of the New Testament and other early Christian literature*: A translation of the ninth-tenth German edition incorporating supplementary notes of A. Debrunner. Chicago: University of Chicago Press.

GETZ, G.A. 1981. *Sharpening the focus on the church*. Chicago: Moody.

HENDRIKS, H.J. 1987. 'n Teologies-prinsipiële begronding vir die opbou van die gemeente. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 2:1-25.

HENDRIKS, H.J. 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente: Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing*. Wellington: Hugenote.

HOEHNER, H.W. 2002. *Ephesians: An exegetical commentary*. Grand Rapids: Baker Academic.

KLOPPERS, E. 2003. *Veni, veni, o Oriens* ... die erediens as kommunikatiewe handeling gerig op oriëntering, uitdrukking, verandering en verbintenis. *In die Skriflig*, 37(1):115-127.

KRUGER, F.P. & VENTER, C.J.H. 2003. 'n Homileties-empiriese ondersoek van prediking en gesindheidsverandering. *In die Skriflig*, 37(3):461-483.

LOUW, D.J. 1996. Praktiese teologie in sosiologiese perspektief – enkele kritiese vrae met die oog op teologiese teorievorming. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11(1):23-37.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. 2 vols. New York: United Bible Societies.

MAPPES, D. 1997. The New Testament elder, overseer and pastor. *Bibliotheca Sacra*,154:62-174, April-June.

MORRIS, L. 1994. *Expository reflections on the letter to the Ephesians*. Grand Rapids: Baker.

MOUNCE, W.D. 1993. *The analytical lexicon of the Greek New Testament*. Grand Rapids: Zondervan.

NEL, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.

PIETERSE, H.J.C. 1991. Die wetenskapteoretiese grondslag van die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 6(1):38-51.

RICHARDS, L.O. & HOELDTKE, C. 1980. *A theology of church leadership*. Grand Rapids: Zondervan.

RIENECKER, F. 1974. *Sprachlicher Schlüssel zum Griechischen Neuen Testament.* Grieβen-Basel: Brunnen-Verlag.

ROBERTS, J.H. 1963. *Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief*. Groningen: V.R.B. (D.Th.-proefskrif.)

SCHMOLLER, A. 1968. *Handkonkordanz zum griechischen Neuen Testament*. Stuttgart: Württembergische Bibelanstalt.

SCHNAKENBURG, R. 1991. *Ephesians: A commentary*. (Translated by H. Heron.) Edinburgh: Clark.

STEDMAN, R.C. 1972. *Body life*. Ventura: Regal.

STEVENS, R.P. & COLLINS, P. 1993. *The equipping pastor: A systems approach to congregational leadership*. New York: The Alban Institute.

STOTT, J.R.W. 1979. *God's new society: The message of Ephesians*. Leicester: InterVarsity.

VAN DER VYVER, L. du P. & VENTER, C.J.H. 2000. Die toerusting van gelowiges tot gehoorsaamheid aan die prediking. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 15(2):169-191.

VENTER, C.J.H. 2001a. Verklarende prediking: Basisteoretiese elemente uit Hebreërs. *In die Skriflig*, 35(3):373-388.

VENTER, C.J.H. 2001b. Verklarende prediking, 'n herevaluering. *In die Skriflig*, 35(4):513-536.

VENTER, C.J.H. 2004. Die predikant wat houe uitdeel – die gemeente as teiken. *In die Skriflig*, 38(3):429-450.

VER STRATEN, C.A. 1988. *A caring church through shepherding ministries*. Grand Rapids: Baker.

VERSTER, J.J. 1977. *Toerusting van die lidmaat tot dienswerk in die opbou van die gemeente*. Stellenbosch: U.S. (M.Th.-skripsie.)

**Kernbegrippe:**

geestelike groei
geestelike volwassenheid
prediking as toerusting
toerusting as proses
vaardighede: verwerwing en toepassing

**Key concepts:**

Competencies: acquiring and application
equipping as process
preaching as equipping
spiritual growth
spiritual maturity